KRUISKERK
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 21: 1-11

**Tema :** Wie is hierdie man? Gevaarlike gewildheid.

## BROODJIES VIR DIE PAD

"Anyone can achieve their fullest potential, who we are might be predetermined, but the path we follow is always of our own choosing. We should never allow our fears or the expectations of others to set the frontiers of our destiny. Your destiny can't be changed but, it can be challenged. Every man is born as many men and dies as a single one."
— Martin Heidegger

"Jesus (as well as the authors of the gospels) would have known about Rome's policy of sending reinforcements to the city at Passover. His decision to enter the city as he did was what we would call a planned political demonstration, a counterdemonstration. The juxtaposition of these two processions embodies the central conflict of Jesus's last week: the kingdom of God or the kingdom of imperial domination. What Christians have often spoken of as Jesus's triumphal entry was really an anti-imperial entry. What we call Palm Sunday featured a choice of two kingdoms, two visions of life on earth."
— Marcus J. Borg, Jesus: Uncovering the Life, Teachings, and Relevance of a Religious Revolutionary

"Great things are not accomplished by those who yield to trends and fads and popular opinion."
— Jack Kerouac

"There are winds of destiny that blow when we least expect them. Sometimes they gust with the fury of a hurricane, sometimes they barely fan one's cheek. But the winds cannot be denied, bringing as they often do a future that is impossible to ignore."
— Nicholas Sparks, Message in a Bottle

"THE PUZZLE IS WHY SO MANY PEOPLE LIVE so badly. Not so wickedly, but so inanely. Not so cruelly, but so stupidly. There is little to admire and less to imitate in the people who are prominent in our culture. We have celebrities but not saints. Famous entertainers amuse a nation of bored insomniacs. Infamous criminals act out the aggressions of timid conformists. Petulant and spoiled athletes play games vicariously for lazy and apathetic spectators. People, aimless and bored, amuse themselves with trivia and trash. Neither the adventure of goodness nor the pursuit of righteousness gets headlines."
— Eugene H. Peterson, Run with the Horses: The Quest for Life at Its Best

"It did not really matter what we expected from life, but rather what life expected from us. We needed to stop asking about the meaning of life, and instead to think of ourselves as those who were being questioned by life—daily and hourly. Our answer must consist, not in talk and meditation, but in right action and in right conduct. Life ultimately means taking the responsibility to find the right answer to its problems and to fulfill the tasks which it constantly sets for each individual."
— Viktor E. Frankl, Man's Search for Meaning

"Chance and chance alone has a message for us. Everything that occurs out of necessity, everything expected, repeated day in and day out, is mute. Only chance can speak to us."
— Milan Kundera, The Unbearable Lightness of Being

"Remember finally, that the ashes on your forehead are created from the burnt palms of last Palm Sunday. New beginnings invariably come from old false things that are allowed to die."
— Richard Rohr, Wondrous Encounters: Scripture for Lent

*When fishes flew and forests walked*
*And figs grew upon thorn,*
*Some moment when the moon was blood*
*Then surely I was born.*

*With monstrous head and sickening cry*
*And ears like errant wings,*
*The devil's walking parody*
*On all four-footed things.*

*The tattered outlaw of the earth,*
*Of ancient crooked will;*

*Starve, scourge, deride me: I am dumb,*
*I keep my secret still.*

*Fools! For I also had my hour;*
*One far fierce hour and sweet:*
*There was a shout about my ears,*
*And palms before my feet.”*
*— G.K. Chesterton*

### Dana Snyman: Iets bestaan net régtig as jy foto daarvan het

Vinnig. Al vinniger. Al hoe meer beelde wat elke dag op ’n foon of ’n ander elektroniese skerm na jou toe kom. Asof jou waarneming van die werklikheid nie genoeg is nie.

Een van die dae gaan niemand meer die tyd onthou toe die internet nie daar was nie, toe jy nie ’n selfoon gehad het nie, toe jy ’n foto met ’n kamera geneem het – ’n kamera met ’n film in. En voor jy die foto kon sien, moes die film eers ontwikkel word.

Party mense het hul foto’s – die gedruktes – in ’n album gehou, soms met ’n repie papier daarby waarop geskryf is waar die foto geneem is en wie daarop is.

Die dag as jou tannie Tokkie haar jongste album tussen die ander van die rak haal en sê: “Ons was mos onlangs in die wildtuin,” het jy geweet jy gaan lank langs haar op die rusbank sit en kyk na ’n kameelperd – effens uit fokus – naby Pretoriuskop, oom Buks wat kaalbolyf voor hul Gypsey-woonwa staan en vleisbraai, en vele ander . . .

Nou neem mense ’n foto met ’n slimfoon en dra dit met hulle saam.

Willekeurige beelde wat jou laat voel asof jy net drie bladsye van ’n boek met 300 bladsye lees.
Hier staan ek by Juanita du Plessis – so plat op die aarde, ’n regte mense-mens.

Moenie dat hulle jou stories oor ’n pittbull vertel nie, hier is ou Rommel, hy is tog so lief vir kinders.
Kyk hoe geel was ek van die malaria, ou broer.
Dis soos ’n steak moet lyk, pappa. Ou Flip by die slaghuis saag hulle spesiaal vir my so. Willekeurige beelde wat jou laat voel asof jy net drie bladsye van ’n boek met 300 bladsye lees.

Ons stap op die bergpad. Ons sien ’n duisendpoot, ’n songololo, en kniel by hom. My stapmaat, nie ’n insektekundige nie, neem ’n foto van die duisendpoot en wys die foto vir my en kyk lank self daarna. Dalk wou hy die foto vir ander mense gaan wys. Ek wonder. Dit voel of ons iets of iemand se bestaan en teenwoordigheid eers erken wanneer ons dit op ’n skerm sien.

Wat ek sê, is niks nuut nie. Baie is al en word geskryf oor hoe die internet en die sosiale media ons lewens beïnvloed. Ek voel dit aan my eie lyf.
Ek betrap myself telkens dat ek op die omgee-ikoontjie op Facebook kliek by iemand se plasing oor ’n familielid wat baie siek of oorlede is. Dit terwyl ek die mens glad nie ken nie, nog nie eens ontmoet het nie.

Ek gebruik al hoe meer uitroeptekens in wat ek op WhatsApp of Facebook skryf. Of as ek iets skryf wat ek ironies of as ’n grap bedoel, skryf ek net daarna: “Ha!” Ek begin die fyner nuanses van taal ignoreer.

En dan stuur my skootrekenaar of slimfoon boonop knaend vir my ’n boodskap oor hierdie of daardie update wat nodig is. Ek het al gewens ek kan iemand by Microsoft of Huawei bel en sê: “Ek is gelukkig met wat ek het. Nie nog nie. Nie nog nie.”

Ek probeer nader aan die aarde en mense leef, ek wil nie verder in ’n skynwêreld verdwyn nie.

---

## BROOD VIR DIE PAD

### Christina Landman: Kerk kan juis keer teen ons verdomliking

Ek hoor nou die dag ’n storie. Dis uit die tyd toe elke dorpie nog ’n burgemeester gehad het. Die dorpie se burgemeester besluit toe dat hy net op een manier herkies sal word. Hy moet die mense dom hou. Hulle moet net vir hom glo. Hulle moenie ander kennis inkry nie.

Hy sorg toe dat die biblioteek ’n dranklisensie kry. Mense drink toe net, pleks van lees en dink.
Ek wil nou nie spesifiek oor Tshwane se eks-burgemeester skryf nie. Alhoewel dit my lyk dat party burgemeesters oor die tyd dieselfde gebly het. As jy wil heers, moet jy mense dom hou.

En dis waaroor ek wil praat: oor hoe die politiek ons so dom kan hou.

Dis nou dom van die kerk, dog ek.
Ek het ’n kollega wat praat van die “verdom¬liking” van ons samelewing. Hoe meer skerms ons om ons het – televisie, selfoon, ensovoorts – hoe dommer word ons, sê hy. Hoe meer ingelig ons word, hoe minder paraat word ons om ons verdomliking te keer. Hy vra ek moenie sy naam noem nie, want die kerk hou nie daarvan dat hy met vroue praat nie. Hierdie liefde vir

vroue wat dominees deesdae het, net omdat vroue nou ook dominees kan wees, moet glo stop.

Dis nou dom van die kerk, dog ek.
Die kerk is nog altyd daarvan beskuldig dat hy mense dom gemaak en dom gehou het. Maar dis ook nie waaroor ek wil praat nie.

Ek wil juis vra hoe die kerk mense meer paraat kan maak. Meer gereed. Paraat teen die domheid wat die politiek van ons verwag. Hoe kan die kerk mense slimmer maak?

Wel, beslis nie deur oor die politiek te preek nie. Dis nie net teen die meeste kerke se Kerk¬ordes nie. Mense is ook nie lus om na politiek in die kerk te luister nie. Net verlede Sondag wil ek nog in die preek die eks-burgemeester van Tshwane as ’n voorbeeld gebruik vir iets. Maar ek sien sommer op die mense se gesigte: Ons is nie lus vir politiek nie. Ons is hier in die kerk om te kom glo in iets anders as korrupsie en skelmry. Ons wil hier kom glo aan rus en vrede. En dat geregtigheid volop kan wees. En aan liefde, al irriteer die ou wat langs jou sit die bloute uit jou uit.

Hulle kan kies vir die waarheid en teen die donkerte. Hulle mag, en hulle kan.

Maar ek wil aanhou glo dat jy mense in die kerk paraat kan maak teen die misleidings van die politiek. En dat jy dit kan doen sonder om spesifiek politiek te praat. Eerder oor hoe om ’n parate burger te wees. Ek glo boonop dat jy dit uit die Bybel kan doen. Want ek glo die Bybel is ’n boek van wysheid. En dat elke verhaal wat daarin gesit is, jou ’n vaardigheid kan aanleer.
Ek dink dis goed om mense in die kerk te herinner dat hulle ’n vrye wil het. Hulle kan kies vir die waarheid en teen die donkerte. Hulle mag, en hulle kan. En die kerk kan vir hulle insigte gee in hoe om “waarheid” te onderskei.

“Die Bybel leer my wat die waarheid is,” sê antie Dorrie. “Dit sê dat as jy die waarheid moet verduidelik, of iets daarby moet voeg, dan is dit tiekets met die waarheid.” En inderdaad kan dit les 101 wees. Sodra jy ’n dranklisensie, of die verdomliking van mense, of ’n “Spare”, of wat ook al by die waarheid moet voeg . . . koebaai, waarheid.

*• Landman is ’n professor in teologie verbonde aan Unisa. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*